# BREIPROJEK: Mei 2011

Liewe Gemeentelid

Baie dankie vir die donasies van wol, “polar fleece”, ens. wat ons reeds van u ontvang het. Ons dames is druk besig met die brei van bedsokkies, “leggings”, handskoene, truitjies en selfs ook ‘n kniekombers hier en daar.

Die kombersies gebruik egter heelwat wol, so dit werk duur uit om ‘n kombersie te brei. Soos u dalk bewus is, voorsien ons jaarliks 2 of 3 aftree-oorde en die Rooikruis Kinderhospitaal van sokkies, truitjies, ens. maar daar was hierdie jaar ‘n direkte versoek vir die kombersies.  Daarom neem ons weer die vrymoedigheid om u asb. te vra vir donasies van “polar fleece” materiaal waaruit ons hierdie kombersies kan maak.

Ons sal graag teen die einde Mei 2011 die eerste aflewerings wil begin doen, voordat die winter in alle erns begin. Ons sal u ook ingelig hou waar ons watter items afgelewer het. Alle donasies kan by die kerkkantoor ingehandig word, duidelik gemerk “Breiprojek” OF u kan my kontak, dan sal ek dit by u kom afhaal. U voorbidding vir ‘n suksesvolle projek sal ook waardeer word. Kontak my gerus indien u meer inligting benodig. Alta de Lange – tel. (021) 975-4439 of selfoon: 0834628650